AAN: DIE SPORTORGANISEERDER:

RUGBY, SOKKER, NnetBAL, HOKKIE & GHOLF

Toer by die See

MAART/APRIL 2018

SPORTTOERE:

Dit is vir ons 'n voorreg om u skool uit te nooi na die MARGATE SPORTSKOOL GROEP se 25ste jaar van Rugby, Netbal, Sokker en Hokkie toernooie / kursusse wat aangebied word in Margate aan die Suidkus van KZN.

ONS FASILITEITE (sportvelde): Ons maak gebruik van net die beste; soos die volgende:

- Douglas Mitchell Sportgronde: Rugby
- Ugu Sports & Leisure Centre: Netbal, Rugby en Hokkie
- Margate Sportskool: Hokkie
- Ugu Sports & Leisure Centre Sokker

SPORTSOORTE:

Rugby: 0/11 tot 0/19
Netbal: 0/12 tot 0/19
Hokkie: (Seuns + Dogters) 0/11 tot 0/19
Sokker: 0/12 tot 0/19
Gholf: Enige ouderdomsgroep (Hoër- en Laerskole)

DATUMS VIR 5 NAGTE TOERE:

❖ Week 1:	29 Maart tot 03 April 2018	(5 nagte toer)	Hoërskole
❖ Week 2:	03 April tot 08 April 2018	(5 nagte toer)	Hoërskole & Laerskole
❖ Week 3:	26 April tot 01 Mei 2018	(5 nagte toer)	Hoërskole & Laerskole

***** Laerskole en Hoërskole kursusse word apart hanteer.

Let ook op die volgende:

- Skole kan by week1 reeds 28 Maart arriveer; dws 'n ekstra dag (addisionele koste)
- Week 3 vind na die amptelike Maart/April skoolvakansie plaas, maar dit is ook gedurende amptelike skoolvakansiedae.

AKKOMMODASIE: Uitstekende akkommodasie by die see en naby die hoofstrande.

- ***Akkommodasie A:*** (Koshuise bv. Hoërskool Suid-Natal; geleë in Port Shepstone, maar nog steeds nie verder as 16 km vanaf al ons fasiliteite & bane nie, ±2km na naaste strand) netjiese kamers met ablusieblokke; slaap 2 – 6 persone per kamer. Aparte kamers vir onderwysers. Almal moet eie beddegoed & handdoeke saambring.
- ***Akkommodasie B:*** (Brackenmoor Estate of soortgelyk) Baie mooi netjiese kamers met eie badkamers; slaap 2 – 8 persone per kamer, aparte kamers vir onderwysers,TV in elke eenheid. Geleë in Uvongo, ±2½ km vanaf die strand. Leerders moet eie beddegoed bring, ons voorsien aan onderwysers.
- ***Akkommodasie C:*** (Gracelands Lodge of soortgelyk); luukse kamers met 'n eie badkamer. Slaap 2 – 8 persone per kamer. TV in elke eenheid, aparte kamers vir onderwysers. Geleë op Ramsgate strand. Leerders moet eie beddegoed bring, ons voorsien aan onderwysers.
- ***Akkommodasie D:*** (*Brons woonstelle*) Gerieflike basiese kamers. Akkommodeer 2 - 8 persone per kamer, aparte kamers vir onderwysers. Sommige eenhede is toegerus met 'n TV en beddegoed. Naby die see geleë.
- ***Akkommodsie E:*** (Silwer woonstelle) Luukse woonstelle, ten volle toegerus. Akkommodeer 2 - 8 persone per eenheid. Teen die see geleë. TV in elke eenheid. Aparte kamers vir onderwysers. Beddegoed word voorsien aan almal.
- ***Akkommodasie F:*** (Goue woonstelle) Top luukse woonstelle, ten volle toegerus. TV's in elke eenheid. Beddegoed word voorsien aan almal. Aparte kamers vir onderwysers. By die hoofstrand geleë.

***** Hier is 24 uur sekuriteit by al ons plekke.

KOSTES:

- Hierdie is slegs kostes vir Rugby, Sokker, Netbal en Hokkie. Kontak ons asb vir **gholftariewe**

Tipe Akkommodasie:	5 Nagte:
1. Akkommodasie A:	R1 925-00 per persoon
2. Akkommodasie B:	R2 150-00 per persoon
3. Akkommodasie C:	R2 375-00 per persoon
4. Akkommodasie D:	R2 375-00 per persoon
5. Akkommodasie E:	R2 675-00 per persoon
6. Akkommodasie F:	R3 225-00 per persoon

- **Een onderwyser/afrigter** is gratis vir elke 20 leerders/spelers, addisionele onderwysers betaal dieselfde as die leerders.

Bogenoemde kostes sluit die volgende in:

- ✓ Akkommodasie vir 5 nagte soos bo gespesifiseer.
- ✓ Drie maaltye per dag, behalwe dag van aankoms net aandete en dag van vertrek net ontbyt.
- ✓ Geen middagetes sal op Sondae bedien word nie.
- ✓ Afrigting en Wedstryde.
- ✓ Die gebruik van ons fasiliteite.

AFRIGTERS:

Ons poog om elke jaar top afrigters (provinsiaal en of nasionaal) te gebruik wat u behulpsaam sal wees met die fasette van die spel waar u span dit benodig. Ons hoofagrigters vir 2017 was soos volg:

- **Netbal: Louise du Plessis**; baie bekende SA senior **PROTEA SPAN** afrigter.
- **Rugby: Sharks Akademie Afrigters** en ook voormalige en huidige **Sharks-spelers.**
- **Hokkie: Madsen Hockey Academy & Lindy Horlock** (Vlak 2 SAHA Afrigter en baie bekend in KZN)

PROGRAM: Die kursus bestaan uit afrigtingsessies en wedstryde. 'n Voorbeeld van 'n gewone dag is soos volg:

- 07H00: *ONTBYT*
- 08H00: *AFRIGTING EN OF WEDSTRYDE*
- 13H00: *MIDDAGETE KOSPAKKIES WORD AFGELEWER BY VERSKILLENDE VELDE*
- 14H00: *AFRIGTING EN OF WEDSTRYDE*
- 18H00: *AANDETE.*

ONTSPANNINGSTYD BY DIE SEE: Daar sal genoeg tyd vir almal wees om die see, die branders, die weer, die strand en alles wat daar te doen is, te geniet.

DEPOSITO: 'n Deposito van R4000-00 vir elke ±30 persone word verlang om u bespreking te bevestig.

ANDER KAMPE EN TOERE: U kan ook die volgende kampe by ons bespreek:

- Vakansie kampe.
- Kerkkampe.
- Avontuurkampe.
- Opvoedkundige toere, ens., Kontak ons asseblief vir meer inligting

BESPREKINGSKANTOOR: Danie by: Sel: 082 334 6469 of Faks: 086 541 0927
of e-pos: dtpromotions@telkomsa.net

HOOFKANTOOR: TEL: 039-317 4234, SEL: 082-564 5252
FAKS: 086-6317294, E-POS: sportschool@worldonline.co.za

- Besoek ons Website: www.margatesportschool.co.za & Facebook